WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 03/2019
31/03/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Thinus Janse van Rensburg van die SALM

Hein Boshoff en Cassie Nel van die SALM verwittig met leedwese dat "... Thinus op 12/03/2019 tydens 'n operasie oorlede is. Dit is baie hartseer nuus want ons het nog onlangs oor die komende re-unie van lede van die Bop Weermag in Pretoria gesels. Thinus was Bev Lugvleuel van die Bop Weermag en ons het lank saam gewerk. Ons innige meegevoel aan sy gesin en familie. 'n Gedenkdiens is op 20/03/2019 by Swartkop Lugmagbasis gehou".

2. Passing of Jan Delport of the SAAF

The SAAF Association (SAAFA) has announced with great sadness that " Jan has passed away on 04/03/ 2019 . Our sincere condolences to Sonja and the family. The funeral took place on 12/03/2019 at the NG Church Kerk sonder Mure in Midstream Estate".

3. Afsterwe van Aubrey Bell van die SALM

Jaap Rossouw is die Sekretaris van die SALMV se tak in Pretoria en verwittig met leedwese "… dat Aubrey op 02/03/2019 na 'n lang stryd teen kanker oorlede is. Aubrey was 'n Impala-vlieënier en hy en sy vrou, Ursula, het die laaste paar jaar in Finland gewoon. Ons gebede gaan uit na Ursula en die familie".

4. Afsterwe van Wilhelm (Willem) Neethling van die SALM

Jurie Bosch van die Ierse Infanterie en Afd Inl verwittig met leedwese "… dat Aubrey op 02/03/2019 na 'n lang stryd teen kanker oorlede is. Dit is hartseer nuus! Willem se vrou, Anneke, se selno is 071 602 9472. Die begrafnis het op 08/03/2019 vanuit die United Church in Somerset- Wes plaasgevind".

5. Afsterwe van Sarel Smit van die SALM

Jaco van As van die SALM verwittig met leedwese "… dat Sarel op 16/02/2019 in Randfontein oorlede is. Sarel het by die SALM Basisse te Mariepskop, Hoedspruit en Louis Trichardt gedien".



6. Passing of Dirk Theart of the SAAF

Jaco van As advises with regret that Dirk's son had noted on FaceBook that his dad "… had passed away on 06/03/2019 in Riebeek Kasteel. My dad had served as Catering Officer at the SAAF Col, AFB Waterkloof, AFB Hoedspruit and AFB Langebaanweg before retiring".

7. Passing of Manie Viljoen of the SAAF

Koos van Rensburg of the SAAFA has announced with great sadness that "… our **f**riend and has been called to Higher Service on 23/03/2019 in Centurion. The Memorial Service was held at the AGS Church at Althea Street in Die Hoewes, Centurion on 29/03/2019. Our sincere condolences to Heleen and the family.

8. Afsterwe van Kallie Bodenstein van Logistiek

Kallie se vrou, Hettie, verwittig met leedwese "... dat Kallie op 18/03/2019 in 1 Mil Hosp oorlede is. Hy het veral die afgelope week ontsettende pyn verduur, maar is nou uiteindelik weer pynvry.
My selno is 082 336 2216".

9. Afsterwe van Henro Grobler van die Kavallerie

* Paul Els verwittig met leedwese "… dat Henro op 11/03/2019 weens kanker oorlede is. Sy gedenkdiens het op 22/03/2019 vanuit die NG Gemeente Raslouw in Wierdapark plaasgevind. Henro was Waarnemende Bev Pant Form toe hy oorlede is".

* Dries van Jaarsveld van die Kavallerie voeg by dat Corinne se selno 083 463 0882 is.

10. Afsterwe van AO1 Christo van Zyl van die Infanterie

Paul Els verwittig met leedwese dat hy op FaceBook gesien het "... dat daar met groot skok en hartseer verneem is van Christo se afsterwe op 06/03/2019. Christo was by 911 Bn in die Oos-Caprivi in die vroeë 1980s en daarna by die Venda Weermag totdat hy en sy vrou in die vroeë 1990s na Hentiesbaai verhuis het. Hy word agtergelaat deur sy vrou, Linda en seun, Lionel. Julle bly in ons Gebede. Saluut, Samajoor! Saluut!"

11. Afsterwe van Wim Bosman van Leërinligting

Gerhard Booyse van Leërinligting verwittig met leedwese "... dat Wim op 03/03/2019 na 'n hartaanval oorlede is. Ek het vir Wim onder moeilike omstandighede leer ken, maar sy vermoë e om situasie deur te sien sal ek altyd onthou. Ek dank jou vir jou menswees. Rus sag my vriend; rus sag en mooi loop. Wim se begrafnis het op 11/03/2019 nanuit die NG Gemeente Valhalla plaasgevind".

12. Afsterwe van At Vorster van die Kavallerie

At se seun, Kobus, verwittig met leedwese dat sy Pa "... op 23/03/019 in Bloemfontein oorlede is. At se laaste pos was as HS by Dir Insp van Afd Log. Die selnos van At se seuns, Kobus en Riaan is 083 231 9349 en 071 360 6322. Die begrafnis het op 28/03/2019 in Bloemfontein plaasgevind en is deur talle Militêre Veterane en lede van die SA Legioen, die valskermgemeenskap en Klub 55 bygewoon. My Pa was die stigterslid van Klub 55 in Bloemfontein".



13. Passing of Peter Versfeld of the Cape Town Rifles (CTR) and later of the Cape Town Highlanders (CTH)

Willem Steenkamp of the CTH advises with regret "… of Peter's passing at the age of 94 in Cape Town. He was as colourful a character as ever existed in the SADF. Peter attested in the Dukes in 1940, served throughout WW2 and then much later joined the CTH. I first met him in the 1960s when he was a drummer in the CTH Drums and Pipes".

14. Afsterwe van Kmdt Lourens Jacobus (Boer) Erasmus van die SA Mil Akad

Shai Mulder van die Genie verwittig met leedwese "... dat Lourens op 10/3/2018 in die ouderdom van 87 jaar oorlede is. Hy was 'n dosent in Krygsgeskiedenis aan die SA Mil Akad. Ons eer sy nagedagtenis".

15. Afsterwe van AO1 Hans Thessner van die SAG

Shai verwittig ook met leedwese "... dat Hans reeds verlede jaar oorlede is. Hy was die RSM by 2 Vd Genie Regt en Genieskool. Hy het saam met Douw Steyn die Brug 14 in Angola in 1975 tydens Op Savannah gebou. Hans was ook diep in die tagtigs. Ons eer sy nagedagtenis!"

16. Passing of Gordon Webber of the SANR

Arne advises with deep regret of "… the passing of Gordon in Port Elizabeth on 18/03/2019 after suffering a severe heart attack. Gordon was 81 years old and was a previous OC SAS Donkin. Our sincere condolences to his family.

17. Afsterwe van Suray de Bruyn

Gerrit Murphy van die Seiners verwittig met leedwese "... dat Suray, weduwee van Luther de Bruyn van die Infanterie, in Johannesburg heengegaan het, slegs enkele maande na Luther se afsterwe. Die kinders se selno is 082 546 8901".

HULDEBLYKE AAN WILHELM/WILLEM NEETHLING VAN DIE SALM EN AFD INL

18. Jurie Bosch van die Ierse Infanterie en Afd Inl

“Dit is met hartseer dat ek verneem het van die heengaan van Willem, een van die ou DBB by Afd Inl se gedugte SSOs. Willem was ‘n gewaardeerde kollega en was SSO Besoeke in my tyd as DBB. Hy het Afd Besoeke van die ou SAW saam met my en genl Ian Gleeson, wat toe HWS was, baie goed hanteer en ons het saam gesorg dat daar nie te veel jollies was nie! Ons innige simpatie met die afsterwe van Willem aan Anneke en die res van die gesin. Baie sterkte en mag die Liewe Heer vir julle berusting gee”.

19. Koos Louw van die SAV

“Willem was ‘n Super Frelon vlieënier, ‘n gewaardeerde lid van die Wesfrontlessenaar by Afd Inl, asook Militêre Attaché in Taiwan. Hy was ‘n vasbyter wat laat in sy loopbaan ‘n graad deur UNISA studeer het. Hy was ‘n baie goeie skrynwerker met ‘n goeie oog vir proporsie en ‘n gesinsman wat baie heg aan sy vrou en kinders was. Hy was ’n lojale vriend en spanman. Sy droë sin vir humor het ons menigmaal lekker laat lag. Ons sal jou mis ou maat en sterkte aan Anneke en die kinders”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

20. Huldeblyk aan Henro Grobler van die Kavallerie

Dries van Jaarsveld van die Kavallerie verklaar dat "… dit tragies is dat my ou vriend op so 'n relatiewe jong ouderdom gesterf het. Hy het die afgelope paar jaar hard teen die kanker gestry, maar het altyd positief gebly en was 'n mooi voorbeeld vir ons almal. Henro het diep spore in die Pantser getrap by 2 SDB, Pantserskool en uiteindelik as HS van die Pant Form. Hy het egter sy beste werk verrig met die opstel van die SA Leër se strategie in sy laaste jare van diens. Hy was 'n ware vriend en bekend vir sy unieke manier om militêre stories en staaltjies te kon vertel. Een van sy drome was om 'n boek daaroor te skryf, maar tyd het hom helaas ingehaal. Ons dink aan Corinne en die kinders en wens hulle alle vertroosting en vrede toe. Ons groet 'n ware heer en puik offisier".

21. Huldeblyk aan Maritz Spaarwater van Afd Inl

Willem Steenkamp van die Infanterie en bekende skrywer noem dat hy "... baie jammer was om van Maritz se heengaan te hoor. Ek het sy beskeidenheid waardeer en as voorbeeld het hy my gevra om sy boek '*A Spook's Progress'* te lees voordat hy dit vir publikasie indien. Hy het my ewe nederig gevra om dit te lees, want hy was nie seker dat hy genoeg van 'n skrywer is om soiets aan te pak nie. Ek het effens langtand ingestem, want dikwels is nuwe skrywers se werk maar redelik rof, maar tot my genot kon ek aan hom met alle eerlikheid sê dat dit uitstekend lees. Van toe af het ons redelik goeie vriende geword. Hy het toe al met die kanker geworstel en ek is bly dat hy toe vir nog 'n paar jaar gespaar is".

22. Tribute to Peter Versfeld of the CTH

Willem describes Peter "... as a small, dynamic man who took no bull from anybody. Once in the early 1990s he and I were walking out of the Castle when a one-pipper and a rifleman came walking in. He was probably suffering from cultural shock and did not salute me, since both Peter and I were in CTH kit, kilts and all, but that did not save him. 'Lieutenant', Peter demanded, 'why did you not salute the captain?!' He was completely taken aback at being assailed by this small, fierce man with his full row of gongs, while the rifleman did his best to blend into the ancient stone walls behind him. I struggled to prevent myself from laughing and eventually the one-pipper found his voice again and protested feebly by saying that '... Staff, you have no right to speak to me like that'. To which Peter responded with '... I have every right! Don't you have any respect for rank?' At this stage I recovered and said something nonsensical like '... all right, carry on' and dragged Peter on his way, the one-pipper and riflemen practically dislocating their right arms with tremendous salutes.

That was Peter Versfeld; energetic, talkative, often cantankerous, loyal to his friends, disinclined to suffer fools, but a great regimental man and in his spare time a skilled maker of regimental headdress, which did not cost the Army a cent. Through circumstances beyond my control I missed his funeral, to my regret, because I would have liked to tell some of the youngsters there about this very extraordinary Highlander. People like him often understandably baffled the PF, but they were part of the backbone of the CF".

23. Dank en Waardering na Alex Potgieter van die Kavallerie se Afsterwe.
Chris van Zyl van die Geskut verskaf hierdie nota wat Elrie opgestel het:
"Ten tye van Alex se afsterwe was dit nog Feestyd en meeste mense nog met vakansie, maar tog was die omarming van die Weermagfamilie vir my en my kinders 'n onmiddellike troos. Baie dankie vir die bystand, ondersteuning, telefoonoproepe en boodskappe wat ons bemoedig het.

Die teenwoordigheid van die Veterane, oud-kollegas en vriende uit die soldaat-gemeenskap by die dankdiens vir Alex se lewe was vir ons 'n groot onderskraging, terwyl Chris van Zyl se reëlings met die Laaste Taptoe die afskeidsgroet mooi gemaak. Dankie Chris, Johann du Preez van die SAWV en al die ander wat daaraan deel gehad het.

Elke keer word die Wel en Weë van almal aandagtig gelees en mooi herinneringe word onthou. My e-posadres is elrie.potgieter@fleurenville.co.za".

24. Dank en Waardering na Jan Delport van die SALM se Afsterwe

Kallie Bröcker van die SALM noem "… dat Sonja, Jan se weduwee, my versoek het om haar dank en waardering aan almal oor te dra vir al die boodskappies, besoeke, e-posse en telefoonoproepe wat sy en die familie na Jan se heengaan ontvang het. Hulle het groot waardering daarvoor".

25. Robbie Harm van die SAV Kuier in Verre Lande

"Ek en Sheryl kuier die afgelope maand by ons seun en sy gesin in Australië en keer eers einde Apr 2019 terug. Ons geniet onsself gate uit, veral omdat ons kinders in die platteland naby die Blue Mountains woon. Die tonele hier is ongelooflik".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

26. Russians Submarines in an Oasis in a Snowy Desert

In Arne's MN this photo appeared of these eight Russian submarines that apparently surfaced to spend some time together. Arne explains that "… they are actually moored in their base as they would not do this at sea. As the snow covers everything, there is no distinction between land and water and it looks like a large desolate plain".

27. The SANDF Documentation Centre

Arlene Bronkhorst of the SADFA advises that the Centre, normally referred to as the DOD Archive, is located at 42 Saturnus Road in Irene, Centurion. The number during office hours is 012-670 8000 or fax at 012-670 8001, while the e-mail address is archive@dod.mil.za. When applying for a service certificate, provide as much information possible to ensure a proper service.

There are approximately 5 million records in the Archives and in order to assist you with your enquiry you need to provide the following detail:

- Regimental or Force number.
- Identity number or date of birth.
- Date of death and proof of his demise bmo a death certificate.
- Date of assumption of military service.
- Date of discharge from military service.
- Regiment/unit.

If you are a next-of-kin, you also have to submit the following:

- Proof of your kinship.
- Full names and surname.
- Copy of identity document or passport.

Arlene voeg by "... dat die Argief dienssertifikate uitreik aan lede wat die buiteland besoek en inligting benodig vir visums en help ook lede wat hulle magsnommers wil hê. Elkeen van ons se persoonlike lêer word by die Argiewe geargiveer en hulle het beskik basies oor alle informasie van 'n lid se loopbaan.

DIE MILITêRE SALUUT

28. AP Stemmet en Fido Smit van die Kavallerie se Rebellie

"In ons tyd is daar nog op die Britse manier van '…langste pad op, kortste pad af' gesalueer, maar ons twee pantser-veldkornette het daarteen gerebelleer. As jy so uit 'n Eland pantserkar gesalueer het, sou jy jou arm met die op en afgaan gebreek het en ons gaan steel toe by die Matrose wat 'n beter saluut gehad het en oortuig die Pantser en die hele Leër en kyk hoe mooi salueer ons nou! Dit s nie vreemd vir die Pantser om nuwe, praktiese, bruikbare nuwe dinge uit te dink nie! Fido is tot my spyt onlangs oorlede".

29. Die Aankondiging oor die Nuwe Saluut

Prof Deon Fourie van die Kavallerie vertel dat met sy eerste bywoning van die SA Leër se vergadering van die Bevelskader in 1988 het H Leër, genl Kat Liebenberg, die nuwe saluut aangekondig.
Die reaksie was erger as toe Frans Erasmus die kroeë in die SAW gesluit het. H Leër moes onderhandel en mooi praat en toe sê hy dat dit net 'n tydelike reëling is om te kyk hoe dit werk'. En dit was soos die tydelike geboue wat in 1940 opgerig is om die talle nuwe rekrute net vir die oorlog te huisves; natuurlik dieselfde wat ons nog in 1963 in Potchefstroom gebruik het!"

30. Salueer in Burgerlike Drag Tydens Seremonies

* Inleiding. Daar heers verwarring oor watter saluut die Veterane tydens seremonies moet gebruik en prof DeonFourie is gevra om die kwessie na te vors. Hy noem dat die saluut sonder hoofdeksel in genl Viljoen se tyd begin het en het ‘n studie verskaf wat hieronder vir doeleiendes van die Nuusbrief aansienlik verkort is. Die volledige dokument kan by Deon se e-posadres by dfsfourie@lantic.net aangevra word.

* Hoof of Hart : Salueer tydens Gedenkdienste en Begrafnisse

Hoe moet die Veterane tydens 'n begrafnis of 'n gedenkdiens eer betoon? Is daar 'n bepaalde saluut vir Veterane in burgerlike drag of behoort dit aan die indiwidu of aan die Veterane-verenigings oorgelaat te word om te besluit en hang dit van die dra van hoofdeksels af? Party plaas die regterhand oor die linkerbors en ander gebruik die militêre saluut met of sonder hoofdeksels. Ander staan net op aandag. Die borssaluut was onbekend in Suid-Afrika tot die 1950s, toe dit opgemerk is dat genl Dwight Eisenhower dit gebruik nadat hy president van die VSA geword het. Dit blyk dat beelde van Amerikaanse presidente tot ons gebruik van die borssaluut gelei het. Hierdie gebruik het egter geen wortels in ons militêre gebruike nie. Later het die Militêre Veterane in die VSA versoek dat hulle die standaard militêre saluut teen die pet of die voorhoof mag gebruik, wat toe deur die *Defence Authorization Act* van 2009 gemagtig is. Dit laat toe dat Amerikaanse Militêre Veterane wat nie in uniform is nie, die militêre saluut gebruik en bepaal nie dat hoofdeksels gebruik moet word nie. Dit is ook hoe die VSA se presidente salute deur skildwagte erken.

Volgens ‘n Militêre Kapelaan het die verberging van dekorasies tydens gebed die bedoeling om almal voor die Here gelyk te maak. Terwyl die verberging van dekorasies tydens gebed 'n godsdienstige betekenis het, het die militêre gebruik om te salueer niks met godsdiens te doen nie.

Na navorsing het ek tot die volgende slotsom gekom:

* Die militêre saluut teen die voorkop is nader aan ons gebruike en die saluut sonder hoofdeksel deur ‘n offisier in uniform is in die SAW in die 1980s aanvaar. Die dra van die baret en die Veterane-verenigings se mus het hier in algemene gebruik word. Na my mening behoort veterane een van die volgende wyses te kies:

'n Militêre saluut wanneer ‘n baret of die verenigings se hoofdeksels gedra word.

Saluut teen die kaalkop in burgerlike drag.

As alternatief, die afhaal van die burgerlike hoed of eenvoudig net die hoof te buig wanneer 'n hoofdeksel nie gedra word nie.

* Die saluut op die bors by 'n begrafnis of 'n gedenkdiens lyk na 'n fout, maar ek sou verkies dat die Verenigings nie aan afgetrede soldate voorskryf hoe hulle behoort te salueer nie, maar dan is selfs afgetrede soldate lief vir 'n netjiese en ordelike parade!

TOEKOMSTIGE OORLOë

31. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

32. Swak Behandeling van AO1 Bertus Koen van die TDK

AO1 Koen het probleme ondervind om behoorlike mediese behandeling vir sy hartkwaal te ontvang. Nadat daar deur ‘n goedgesinde afgetrede mediese offisier ingegryp is, het AO1 Koen nou net die hoogste waardering vir die diens wat hy van dr Farrell en haar span by 1 Mil Hosp se Afd Kardiologie ontvang het. Ruaan Heiberg van Afd Inl het die kwessie oorspronklik aangeroer en rapporteer dat AO1 Koen nou vir almal bedank wat gehelp het.

33. Onbevoegdheid van Mediese Personeel

Paul Els vertel met smart in sy hart dat sy “... skoonseun se pa, ’n afgetrede kolonel van die SALM, reeds vroeër ’n afspraak vir 26/03/2019 by 1 Mil Hosp vir kankerbehandeling gemaak het. Hy is deur my skoonseun vanaf Badplaas vir die afspraak gebring, maar is toe ingelig dat hy nie ‘n afspraak het nie, want ‘n nuwe afspraakboek moes opgestel word. Wat der duiwel het hier gebeur?”

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF/SMMVF)

34. Vergadering van die SMMVF

Barry Gildenhuys van C160-faam vertel dat hy “… op 20/03/2019 die vergadering in Rietondale bygewoon het waar die SMMVF aan VPA-lede terugvoer verskaf het. Ek het die indruk gekry dat ons eintlik vir hulle 'n las is wat die Fonds met al ons ou-mens kwale dreineer. Die huidige lede van die Staande Mag se bydraes voed ons Fonds maar 'n paar jaar gelede is baie geld verloor. Dit gaan nou beter met die Fonds maar iewers is 'n skroef los.

Verskeie kwessies het aan die lig gekom soos byvoorbeeld dat huidige lede kultureel geregtig is op meer as een vrou, wat beteken dat etlike vroue en kinders nou op gratis mediese diens geregtig is. Waar moet die geld vandaan kom? Daar was ook telkens beklemtoon dat magtiging vir mediese diens verkry moet word, maar die Bestuur besef nie dat hulle telefone nie beantwoord word nie.

Ek wil sterk aanbeveel dat 'n ervare senior afgetredene die leiding neem om as ons woordvoerder op te tree. Die Fonds kan nie sommer net maak en breek soos hulle wil nie, want dit is *ons* Fonds”.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

35. Trouble with a Land Mine. Deon van Zyl of Signals found the following on the Internet:

Col Jan Breytenbach is seen here after been blown clear from his vehicle when it hit an anti-tank land mine on 29/08/ 1981, whilst on operations in South Angola. Col Breytenbach immediately returned to rescue Dave Barr, his gunner, who was pinned under the vehicle, a Sabre of Special Forces and pulled him free from exploding ammunition and burning fuel. Dave Barr, an American serving with the SADF unfortunately lost both legs in the incident.

36. Demobilisation of Members of MK.
Willem Steenkamp of the Scottish Infantry refers to the article by Dr Greg Mills in the previous Newsletter and accounts his own experience in this regard:

"In 1994 I and Lt Col Tony Marriner were tasked by the Deputy Minister of Defense, Ronnie Kasrils, to work out a demobilization scheme for MK members who could not be absorbed into the SADF. We did a lot of research into what other countries were doing and were particularly impressed by the approach of the Indian Defence Force, who came up with an interesting solution. Some were absorbed into the civil service but most of the others were given assistance in setting up small businesses, basically one-man or family-run enterprises, which were capable of being built up into something quite substantial. Yet others were given preference in private security organizations and there was quite a variety offered. The great advantages of this approach were that it provided opportunities for soldiers of good quality but limited skills, while the civil service gained trained, disciplined men and women who could always be mobilized in case of emergency. The proposals were well-received and we gained $100 million worth of pledges from foreign countries, but the proposals were never followed up on.

37. Hulde aan die Ondersteuningspersoneel tydens die Bosoorlog. Paul Els verklaar soos volg:

“In Apr 1989 het die bosoorlog van 23 jaar na 30 jaar tot ‘n einde gekom. Ek wil graag hulde bring aan elkeen wat daaraan deel gehad het en meer spesifiek daardie lede wat weinig erkenning vir hul bydrae gekry het. Die die drywers, seiners, stoormanne, lug- en grondbemanning van vliegtuie, matrose op die skepe, MPs, tiffies, medics, sjefs, die inligtinggemeenskap, administratiewe personeel, tiksters, boekhouers en vele meer. Hierdie is die manne en vroue wat die vegtende soldate in die voorste linie ondersteun het en sonder hulle sou die geveg nie plaasgevind het nie. Die manne en vroue wat hiermee betrokke was sal weet waarna ek verwys, want hulle is die meeste van die tyd deur die vegters mis gekyk of was miskien nie eers van hulle deelname bewus nie. Ek en baie ander salueer elkeen van julle vir getroue diens en groot opoffering”.

38. Taalkundige Uitdrukkings en Gesegdes Tydens die Bosoorlog

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie noem dat hy “… in al die jare van navorsing bewus geraak dat elke oorlog of veldtog waarby ons magte betrokke was, gekenmerk is deur spesifieke taalkundige uitdrukkings en gesegdes wat vry algemeen deur alle betrokkenes begryp en verstaan is. Na afloop van die veldtogte het dit gebeur dat hierdie uitdrukkings en gesegdes al hoe minder gebruik is en dat die enigste rekord daarvan vandag in ou lêers te vinde is, maar dat die betekenis vervaag het en nie meer duidelik is nie. Dieselfde geld vir die Bosoorlog, wat sy eie taalkundige uitdrukkings en gesegdes opgelewer het en ook besig is om te verdwyn en daar bestaan nie dokumentêre bewyse daarvan nie. Ek dink dat dit gepas sal wees indien ons ’n dokument saamstel waarin hierdie uitdrukkings en gesegdes vervat en verduidelik word. As voorbeeld word die uitdrukkings hieronder genoem, maar wie weet wat die oorsprong, konteks en betekenis daarvan was? So is daar talle ander uitdrukkings wat geleidelik in onbruik verval het en ek versoek dat almal help om hierdie dokument ‘n werklikheid en deel van ons militêre erfenis te maak. My e-posadres is kriek1953@gmail.com”.

Bal teen die wal.
Draadkar.
Bosverlof.
Owambos vir ontbyt.
Chicken.

NUWE MILITêRE BOEKE

39. Boek deur Louis Fourie van die SA Mariniers

Paul Els noem dat tydens ’n onlangse ontbyt van die SAWV het Louis sy boek ‘*How Far : All the Way’* bekendgestel. Die boek handel oor Louis se betrokkenheid by die stigting van die SA Mariniers en sy tydperk as bevelvoerder van die SA Mariniers se basis op die Zambezirivier by Wenela. Die Mariniers het tussen 1949 tot 1955 en toe weer tussen 1979 tot 1990 bestaan. Die een foto toon waar ek vir Louis tydens die ontbyt met sy boek gelukwens. Die boek is beskikbaar by epos@groep7.co.za teen R120 elk”.



PAUL ELS SE BOEKE

40. NTR.

WELSYNSWERK

41. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

42. <u>Verering van Amalia Snyman : Weduwee van AO1 Ockert Snyman</u>

In Metro, Die Beeld se bylaag van 20/03/2019, is gemeld dat die Pous vir Amalia vereer het vir haar liefdadigheidswerk by onder andere die Rooi Kruis en Katolieke Kerk. Amalia is die weduwee van AO1 Snyman, die befaamde RSM van die SA Mil Akad en later Sersant-majoor van die SA Leër en skoonma van Lee Le Crerar van die Infanterie. Pous Franciskus het die Bene Merenti-prys aan Amalia toegeken, wat nou 98 jaar oud is en in Centurion woon.

43. <u>Byeenkoms van Kamerade van 1 Valsk Bn</u>

Paul Els noem dat ‘n ontbyt op 06/03/2019 by die Moreresturant in Centurion gereël is sodat Jakkals de Jager met sy besoek vanaf die Weskus met van sy ou valskerm-vriende kon kuier en gesels. Die ontbyt het toevallig plaasgevind op die tydstip toe Johnny Kieser se begrafnis in Bloemfontein gehou is en tydens die ete is daar eer betoon op die tydstip toe die begrafnis in aanvang geneem het. Op die eerste foto verskyn voor Jakkals de Jager, Kaas van der Waals, Gert Nel en Albert van Driel en agter is Paul Els, Jakes Swart, Blikkies Blignaut en Andre Bestbier. Op die tweede foto verduidelik Kaas die nuutste vryvaltegniek. Ek is genooi omdat ek saam met Jakkals by Spesmagte HK diens gedoen het. Heel onder verskyn die berig wat in die Volksblad oor Jakkals se besoek verskyn het.

Oudsoldaat reis ver om makkers weer te sien

Deur Kaydene Davids | 17 Maart 2019 17:37

'n Oud-valskermsoldaat het vandeesweek honderde kilometers afgelê om oudkollegas te besoek om herinneringe van die ou dae te herroep.

Jakkals de Jager en Dup du Plessis Saterdag nadat hulle na jare weer ontmoet het. Foto: Kaydene Davids

Jakkals de Jager (75), 'n oud-valskermsoldaat wat van 1962 tot 1972 aan die 1 Valskermbataljon in Bloemfontein verbonde was, het ná die afsterwe van Johnny Kieser (79), afgetrede luitenant-kolonel en een van die groot name in die geskiedenis van 1 Valskermbataljon, besluit om oud-kollegas oor die land heen te besoek.

"Ons raak nie jonger nie. Ná Kieser se dood het die dringendheid by my opgeborrel om soveel moontlik kollegas en familie oor die land heen te besoek," sê 'n emosionele De Jager.

Hy sê dit was lekker, maar ook hartseer om almal na al die jare weer te sien.

44. <u>Kondoomuitstalling by 1 Mil Hosp</u>

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie verklaar dat "… dit nogal snaaks was om onlangs 'n kondoomuitstalling te beskou. Daar was nie 'n wye verskeidenheid nie, maar uiteindelik werk dit alles maar seker dieselfde. Hierdie uitstalling het my laat terugdink aan my jare by die basis te Oshigambo toe daar 'n pak van 600 kondome aangekom het om komops onder die Owambos te pleeg. Ek wou seker maak dat die troepe hierdie komops korrek bedryf en het besluit om die kondome net voor bosverlof aan die troepe beskikbaar te stel om ongeskeduleerde swangerskappe te voorkom. Binne een uur nadat die kondome beskikbaar gestel is, was alles geneem en van die troepe het gekla dat hulle nie gekry het nie. Na skakeling met die SAGD is nog 'n krat afgelewer en kon aan elke troep kondome teen 'n staftabel van 1k/l/d/14, naamlik een kondoom per lid per dag vir 14 dae uitgereik word. Na afloop van die bosverlof was die terugvoer positief en het geen ongeskeduleerde swangerskappe voorgekom nie! Daar was een lid wat sy dank betuig het, maar hy het die versoek gerig dat die staftabel verhoog moes word na drie kondome per dag vir 14 dae, aangesien een kondoom per dag volgens hom nie genoeg was nie". Nota. Interessante genoeg was plastieksakke in ons jonger dae gratis en moes kondome gekoop word. Deesdae is dit net omgekeerd!

45. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Apr 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

46. Military Despatches

Robbie Roberts, Chairman of the Signals Association advises "... that Matt Tennyson's masterpiece magazine is once again available on its web page for our reading pleasure".

47. Kenny Gunter van die SALM

"Ek woon al 'n klompie jare in die VSA en knoop gereeld 'n geselsie met veterane of dienende lede hier aan en het ook al geleer om '… thank you for your service (to your country)' te sê. Ek vertel altyd vir hulle van my bykans 14 jaar in die SALM en hulle sal dan ook antwoord met '… thank you for your service'. Al sê ek vir hulle dat dit nie in hulle Weermag was nie, sal hulle altyd steeds my diens erken. Dit laat mens goed en trots voel!"

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

48. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

49. AJV en Kranslegging van die SA Militêre Inligtingsvereniging (SAMIVA)

* Deon Döhne van Leërinligting rapporteer "… dat SAMIVA se jaarlikse AJV die naweek 22-24/03/2019 by SAMIVA se museum en gedenkteken in Colesburg plaasgevind het en dat dit 'n groot sukses was. Die formele ete is in die ou Britse offisiersmenasie op Colesberg gehou. Tydens die AJV is Charles Laubscher, 'n voormalige Sersant-majoor van die SA Leër, as die nuwe voorsitter en Deon, 'n prokureur in Colesburg, as die onder-voorsitter verkies. Die foto is na die kranslegging by die gedenkteken geneem.

* Charles Laubscher voeg by dat "… die naweek ook het ten doel gehad het om die Internasionale Inligtingsdag te vier. Die naweek het afgeskop met 'n bring en braai waar lede en gades weereens die verlede kon herroep. Na die AJV is 'n besoek aan 'Coles Kop' gebring vir 'n voorligting oor die rol wat hierdie bekende koppie in die Anglo/Boere-oorlog gespeel het. Saterdag met laaste lig is die Herdenkingseremonie in eg militêre styl aangebied, gevolg deur 'n formele gaste-aand in die destyds Britse

Offisiersmenasie, wat vandag ‘n uitstekende restaurant is. Tydens die AJV is Mike Huxtable as Sekretaris en Johan Labuschagne as Penningmeester verkies”.

50. <u>44th Re-union of Op Savannah</u>

Renaud Booysen is the Chairman of the Savannah Veterans’ Association and advises that “... the 44th re-union of Op Savannah will be held at 10:30 for 11:00 on Sunday 08/09/2019 at the Voortrekker Monument. The parade will be held in front of the Savannah Memorial. A function will afterwards be held at Chatterley’s Tea Garden in Valhalla. Lunch will be served and space is limited to 100 guests. Those wishing to attend are to send the following information to our e-mail address at ereatrust@mweb.co.za under the heading Savannah Re-union:

Member name
Spouses name (if attending)
Names of other guests
E-mail address
Cell or contact number
Physical address

Further information will be supplied at a later date.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

51. GEPF se Aktuariële Verslag vir 2018

AP Stemmet van AMAGP rapporteer dat die Staatsdienspensioenfonds (GEPF) sy aktuariële verslag vir 2018 vrygestel het. Dit toon dat die beskikbare bates, gemeet teenoor die pensioenverantwoordelikhede soos op 31/03/2018, 'n sombere afwaartse spiraal toon wat ongetwyfeld sedertdien nog verder versleg het. Ons ouditeurskollega se oorhoofse kommentaar op die verslag is op die skakel by Kliek Hier beskikbaar en toon onteenseglik dat die pensioenfonds op 'n styl afdraande pad is en as dit onbeheerd voortgaan, die druk op die pensioenfonds sal toeneem om sy langtermynverpligtinge na te kom. Die ongesonde situasie is nou bereik waar die inkomste op beleggings nie meer voldoende is om die lopende betalings aan pensionarisse en die lopende koste van die fonds te dek nie. Tans word slegs 59% van die bydraes van dienende lede na die OBK gekanaliseer om belê te word en tussen 2015 en 2018 is bydraes van R107 biljoen nie belê nie. Dit is verbasend dat vakbonde en personeelverenigings hierdie wanaanwending van pensioenbydraes blykbaar gelate aanvaar.

52. Artikel in Beeld deur Dr Roelof Botha : OBK Dobbel met die Pensioene

Hennie Roux verwys na die artikel wat op 22/03/2019 in Beeld verskyn het en noem dat hy "… verbaas is dat daar geen reaksie daarop was nie. Ons kan nie toelaat dat artikels soos hierdie soos water in die sand wegsink nie. Die artikel handel oor alles wat ons al jare lank verkondig en wat blykbaar nie geglo word nie. Ons en die publiek is geregtig om te weet wat met die Staatsdienspensioenfonds aangaan".

53. AMAGP se Algemene Jaarvergadering (AJV)

Albert van Driel gee kennis dat "… AMAGP se AJV op 12/04/2019 by Solidariteit se hoofkantoor in Kloofsig gehou word en alle pensionarisse word uitgenooi om die geleentheid by te woon. Verrigtinge sal om 07:30 met koffie en registrasie begin en dr Frans le Roux, ons pensionarisse se verteenwoordiger by die Staatsdienswerkers-Pensioenfonds (SWPF of GEPF), sal tussen 14:00 en 14:40 'n voorligting oor die huidige stand lewer. Verskeie ander aanbiedings sal ook plaasvind, waar ons oor suksesse sal rapporteer en ook ons finansiële stand en sakeplan vir 2019/20 aanbied. Daar is 'n ligte middagete en dit sal waardeer word indien lede wat wil bywoon vir Albert op 072 243 3334 'n WhatsApp teen nie later as 09/04/2019 sal stuur. Lede wat bywoon kan 'n vrywillige bydrae van R 50 maak om kostes te dek. Motors parkeer buite die kompleks waar karwagte beskikbaar is en ons verwag dat die verrigtinge teen 17:00 afgehandel sal wees. Die adres van Solidariteit se kantoor is in die Suidblok op die hoek van Eendract- en DF Malanstrate in Kloofsig, Centurion".

54. Aansoekvorms vir Aansluiting by AMAGP

As Kleynhans van die Lugafweer noem dat dit noodsaaklik is dat meer afgetredenes by AMAGP aansluit, maar dit blyk dat die manne moontlik te besig is om die lewe te geniet of goedgelowig is dat ons pensioenfonteinjie nie gaan opdroog nie. Aansoekvorms vir registrasie is op ons FaceBookblad en ons webwerf by www.amagp.co.za beskikbaar.

55. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that "... the new issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com. Errol adds that he is no longer involved with the distribution of the Newsletter and that As Kleynhans has accepted this responsibility. Veterans that do not receive the Newsletter can read it on AMAGP's web page at www.amagp.co.za or on FaceBook at GEPF WATCHDOG/WAGHOND".

56. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op FaceBook binne drie dae met meer as 1 000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

57. Waar is Lynn, Hilda en Mariette?

Hennie Roux van die Lugafweer noem dat hy die kontakbesonderhede van die volgende benodig en dit sal waardeer as iemand kan help. Hennie se e-posadres is hennie@nostalgie.co.za.

Lynn Gouws
Hilda Minnaar
Mariette Barends

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDERE-

58. Jaarlikse Funksie in die Suid-Kaap

At Fourie van die SA Ammu Korps rapporteer dat die funksie op 21/02/2019 by die Admirals Restaurant in die Mosselbaai Casino was en deur 145 gaste bygewoon is. Die funksie was opgedra aan die 'Vrou van die Soldaat' en ons was vereer deur die teenwoordigheid van genl Constand en Ritsie Viljoen. Die funksie word jaarliks op die derde Donderdag van Februarie gehou en indien daar lede is wat in die Suid- en Wes-Kaap woon en wat nog nie op die ledelys is nie, sal ek dit waardeer as hulle my op my e-posadres by atfourie15@gmail.com sal kontak. Die foto is by die funksie geneem en toon vir genl en Ritsie Viljoen en Sue en Paul Lombard van die vlieënde Geskut".

59. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat "…die volgende hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging vanaf 11:30 vir 12:00 op Saterdag 20/04/2019 by die Bronberg Landgoed sal plaasvind. Die vergadering van die NUR begin om 09:00 maar sal teen 12:00 afgehandel wees. Bespreek bywoning asseblief by Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com. Kostes is slegs R100 per ete en drank is by die kontantkroeg teen militêre pryse beskikbaar. U kan gerus u vrouens saambring om die dag saam met ons te geniet".

60. SA Infanterie-vereniging (SAIV) se AJV

Geoff Holland-Muter verwittig "... dat die AJV om 10:00 op 18/05/2019 by die Bronberg Wynlandgoed in Pretoria sal plaasvind en lede word aangemoedig om hierdie belangrike vergadering by te woon. Navrae kan aan my by Geoff@bexlosa.com gerig word".

61. SAIV se Formele Winter Gaste-aand

Leon le Roux noem "... dat die Die SAIV 'n formele winter gaste-aand aand op 18/05/2019 by die Bronberg Wynlandgoed gaan aanbied. Navrae kan aan Geoff by Geoff@bexlosa.com gerig word".

ADMINISTRASIE

62. ESKOM se Wraak

Op 18/03/2019 was ek besig met finale redigering om die Nuusbrief uit te stuur, toe Beurtkrag toeslaan en die Nuusbrief van 25 bladsye spoorloos verdwyn. Selfs ‘n rekenaartegnikus kon dit nie vind nie en ek het die volgende dag maar noodgedwonge weer begin om na al die indiwiduele beriggies te soek. Die gevolg is dat ek nie almal kon opspoor nie en stuur u inset maar asseblief weer aan indien u sien dat dit nie hierin verskyn nie.

NETWORKING

63. Behoefte aan ‘n Offisierstokkie

Gert Opperman van die Infanterie rapporteer dat dr Koos van der Merwe van die Infanterie en die Parlement beïndruk is met die trefkrag van die Nuusbrief, want nadat hy onlangs versoek het vir ‘n Sam Browne het hy vier ontvang! Hy doen nou navraag om te hoor of iemand hom kan help met ‘n offisierstokkie (canes officers of canes marshall as ek reg onthou). Indien wel, kan hy op sy selno by 082 444 4944 geskakel word”.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

64. Food for Thought

You do not have to be great to start, but you have to start to be great.

65. Love is in the Air

The naughty Tanya Power, widow of Norman Power of Special Forces, provided the following:

SLOT

66. And on that entertaining note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

67. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.